

## Gereformeerde Kerk Bellville – 12 November 2017 – Aand

**Sing vooraf staande:** Psalm 103:7, 8 (p. 505)

- 7 Geen vader wat, deur smartgevoel bewoë, / sy kind aanskou met teerder mededoë  
as Isr'els HEER die wat Hom eer en vrees. / Hy weet wat van sy maaksel is te wagte,  
hoe swak van moed, hoe klein ons is van kragte, / en dat ons stof van jongs af is gewees.
- 8 Die mens – soos gras is al sy lewensdae, / 'n blom wat ons aanskou met welbehae,  
maar wat kortstondig is en baie teer. / Sodra die rukwind oor die veld gekom het,  
dan knak die steel wat lustig daar geblom het: / dis weg – sy staanplek ken hom selfs nie meer.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Psalm 103:1, 3 (p. 504)

- 1 Loof, o my siel, en alles wat in my is, / loof, loof die HEER in wie 'k van harte bly is!  
Verhef sy heil'ge Naam met lof en prys! / Laat hoor, my siel, die stem van dankgebede,  
vergeet nooit een van sy weldadighede, / vergeet Hom nie wat jou sy guns bewys.
- 3 Loof Hom wat met die goeie jou versadig, / jou lewenskrag van nuuts af begenadig,  
sodat jou jeug is soos die arendsjeug. / Die HEER doen reg – Hy is die hoogste rigter –,  
vergeld die kwaad en straf die onregstiger, / maar aan verdruktes skenk Hy ruimte en vreug.

Gebed

Psalm 143:1, 2 (p. 688)

- 1 O HEER, ek roep, hoor my gebede. / Daar is in my geen stilte of vrede!  
Ek smeek tot U, o hoor my nou! / Ek pleit op u geregtighede,  
en ek verlaat my op u trou.
- 2 Ag, reken met u kneg nie af nie, / en wil my na u wet nie straf nie;  
want niemand wat voor U bestaan, / kan pleit- of regsgrond ooit verskaf nie,  
dat hy u vonnis sou ontgaan.

**Skriflesing:** Genesis 32:1-32; Heidelbergse Kategismus, Sondag 24:62

**Kernvers:** Genesis 32:27-28

**En Hy vra hom: Hoe is jou naam? En hy antwoord: Jakob. Toe sê Hy: Jy sal nie meer Jakob genoem word nie, maar Israel; want jy het geworstel met God en met die mense en het oorwin.** (Genesis 32:27-28 AFR53)

**Heidelbergse Kategismus**

**Vraag 62: Maar waarom kan ons goeie werke nie die geregtigheid voor God of 'n deel daarvan wees nie?**

*Antwoord: Omdat die geregtigheid wat voor die oordeel van God kan bestaan, heeltemal volmaak moet wees en in alle opsigte met die wet van God ooreen moet stem (a), en omdat ook ons beste werke in hierdie lewe almal onvolmaak en met sondes besmet is (b).*

*(a) Gal 3:10; Deut 27:26. (b) Jes 64:6.*

**Tema:** Jou pogings sal nooit kan bydra tot jou verlossing nie – Christus alleen oorwin

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, in die vorige gesprekke het die vraagsteller tot die besef gekom dat die gelowige slegs deur Christus se volmaakte werk verlos word. Christus het nie alleen vir die gelowige se skuld aan die kruis betaal nie, Hy skenk ook sy volkome gehoorsaamheid aan die gelowige sodat hy voor God regverdig kan wees. Gevolglik beskou God die gelowige as iemand wat nog nooit enige sonde gedoen of gehad het nie, ja, asof die gelowige al die gehoorsaamheid volbring het wat Christus in sy plek volbring het.

Die enigste manier waarop die gelowige deel aan hierdie verlossingswerk van Christus kan kry, is deur die geloof. Die geloof is egter nie 'n goeie werk van die gelowige waarmee hy die genade van God in Christus verdien nie. Geloof is bloot die hand wat die Heilige Gees in die gelowige geskep het, waarin die Heilige Gees Christus en sy volmaakte werk vir die gelowige gee. Deur die geloof ontvang die gelowige God se genade in Christus en deur die geloof neem hy hierdie weldade van Christus vir homself aan.

Alhoewel die vraagsteller hierdie belydenis begryp vir sover as wat die Heilige Gees dit aan hom gee om te verstaan, wil hy tog weet watter waarde 'n gelowige se goeie werke dan het. Die gesprekke aan die hand van Sondag 24 handel dan oor die goeie werke van gelowiges. Die vraagsteller wil weet **waarom die gelowige se goeie werke nie die geregtigheid voor God of ten minste 'n deel daarvan kan wees nie.**

Hierdie vraag leef ongelukkig nie net by die ongelowige vraagsteller nie. Die vraag leef by alle mense – ongelowiges en gelowiges – want daar is nie een mens wat prontuit sal sê dat hy 'n slegte mens is nie. Niemand wil erken dat hy niks goeds kan doen nie. Elke mens dink van homself dat hy goed is, want sodra hy gaan erken dat hy nie goed is nie sal mense iets hê om op hom neer te sien. Die wêreld het nie tyd vir mense wat swak en ellendig is nie. In 'n wêreld waarin God se gesag nie erken word nie, is daar mos net een reël wat geld: Die sterkste sal oorleef.

'n Mens sou kon redeneer dat daar eintlik twee soorte argumente is waarom 'n gelowige se goeie werke tog iets moet tel wanneer dit by sy geregtigheid voor God kom. Die een argument is die een wat ons so pas genoem het – alle mense sien hulleself as goeie mense. Daarom moet die goeie dinge wat hulle doen tog vir iets by die Here tel. Die ander argument is een wat hoofsaaklik deur gelowiges aangevoer kan word. Met kamtige ordentlikheid en nederigheid sal hulle sê dat 'n gelowige tog goeie werke moet. Die gelowige kan mos nie verwag dat Jesus Christus alleen alles vir hom moet doen sodat hy verlos kan wees nie. Die gelowige het mos 'n verantwoordelikheid vir sy eie lewe.

Op die oog af klink dit na 'n baie edele argument. Maar wanneer 'n mens hierdie argument in diepte bekyk, sal jy weer die arrogansie van die mens opmerk. Dit is nie regtig omdat hy so ordentlik is dat hy dink sy goeie werke tog 'n ietsie by die Here moet tel nie. Dit is omdat hy nie tot die erkenning wil kom dat hy deur en deur 'n sondaar is en glad nie tot iets goeds in staat is nie. Want sodra hy dit erken, voel hy in sy karakter gekrenk en sy selfbeeld wat vir hom tog so kosbaar is lê dan aan skerwe.

Broers, susters en kinders, dit is as gevolg van die mens se sondige trots dat hy nie kan aanvaar dat hy absoluut niks kan doen om sy aansien by die Here te verbeter nie. Daar is absoluut niks wat die mens kan doen wat enigsins as 'n bydrae tot Christus se werk gereken word sodat die mens geregverdig voor God kan wees nie. Buitendien, indien 'n mens reken dat sy goeie werke saam met Christus se volkome werk sy geregtigheid

voor God kan wees, sê hy eintlik daarmee dat Christus se werk nie volkome is nie. Dan maak die mens van Christus en sy Vader 'n leuenaar, want God self bevestig dat Hy Christus se werk as volkome en volledig vir mense se verlossing aanvaar. God het sy Seun uit die dood opgewek omdat Hy tevrede is met Christus se gehoorsaamheid en genoegdoening.

Hierdie hardkoppigheid van 'n mens dat hy kan dink dat sy goeie werke enigsins iets tot sy verlossing kan bydra, laat 'n mens nogal dink aan Jakob. Ons leer Jakob ken as iemand wat aanhoudend sy planne maak en in werking stel sodat alles vir homself mooi in plek val. Toe Rebekka nog swanger was met Jakob en sy broer Esau het die Here al vir haar gesê dat die oudste van haar twee seuns die jongste sal dien. Hierdie woorde het beteken dat die Here aan die jongste seun sal gee om die hoof van die familie te wees en in die besonder beteken dit dat die Here sy verbond wat Hy met Abraham begin het met die jongste seun sal voortsit.

Rebekka het natuurlik hierdie dinge aan Jakob vertel toe hy groter geword het, want sy was liewer vir Jakob as vir Esau. Jakob het egter nie gras onder sy voete laat groei nie. Toe Esau op 'n keer moeg en honger by die huis opdaag, het Jakob so pas vir hom 'n heerlike ete van lensiesop voorberei. Toe Esau vir hom daarvan vra, het Jakob sy kans waargeneem om in die hande te kry wat hy volgens die Here se woorde sal kry – die eersgeboortereg. Op 'n uitgeslape manier gryp hy na wat die Here belowe het en wag nie dat die Here dit aan hom gee nie. Esau het sy eerstegeboortereg weggegee vir 'n bord kos.

Net so het dit ook met die eersgeboorteseën gebeur. Toe Rebekka verneem dat Isak vir Esau wil seën voordat hy sterf, het sy en Jakob met 'n bedrieglike plan dit reggekry dat Isak vir Jakob seën. In hierdie seën het Isak dit duidelik gesê dat volke en nasies Jakob sal dien en voor hom sal buig – net soos die Here vir Rebekka gesê het. Toe Esau agtergekome het dat Jakob die eersgeboorteseën voor sy neus weggeraap het was hy eers bitter hartseer en toe het hy woedend kwaad geword. Hy was so kwaad dat hy vir Jakob wou vermoor. Daarom moes Jakob wegkom en Rebekka het dit so met Isak bespreek dat Jakob na haar broer Laban toe gegaan het.

By Laban het het Jakob so 'n bietjie van sy eie medisyne teruggekry. Laban en sy seuns het Jakob ook maar 'n bietjie ingeloopt. Uiteindelik het daar twintig jaar verloop en Jakob is met sy vrouens en kinders op pad terug na die beloofde land. Jakob het egter geweet dat hy sy broer in die oë moet kyk en hy het ook geweet dat twintig jaar miskien nie sy broer se woede laat bedaar het nie. Daarom het hy boodskappers na Esau toe gestuur. Jakob wil sy broer gunstig stem, daarom het hy aan hom 'n boodskap van nederigheid gestuur. Die berig wat die boodskappers teruggebring het, het vir Jakob gesê dat Esau beslis nie in die twintig jaar tot bedaring gekom het nie. Esau was met vierhonderd man op pad en Jakob het baie benoud en bevrees geword.

Jakob het besef dat hy nou in 'n noute gekom het waaruit hy nie self sal kan kom nie. Hy het nou regtig God se krag nodig as hy lewend uit hierdie benoudheid wil kom saam met sy vrouens en kinders. Daarom het hy in diepe afhanklikheid die Here in gebed aangeroep en om hulp gesmeek. Maar in plaas daarvan om met die gebed en vertrouwe op die Here te volstaan, het Jakob weer plannetjies gemaak. Hy het geskenke vir Esau opgemaak en dit een vir een vooruit na Esau gestuur.

Daardie nag kon Jakob nie tot ruste kom nie. Hy het nou die Here aangeroep en hy het geskenke opgemaak vir Esau, maar daar kom nie kalmte nie. Hy toe besluit om sy vrouens, kinders en al sy besittings deur die Jabbokdrif te neem. Hy is toe alleen terug om

seker te maak dat niks anderkant agtergebly het nie. Toe Jakob alleen was het 'n Man hom beet-gepak en met hom geworstel tot dagbreek toe.

Of Jakob van die begin af geweet het wie met hom geworstel het, word nie vir ons gesê nie. Maar na afloop van alles het hy baie goed geweet dat dit nie maar sommer 'n gewone mens was wat met hom geworstel het nie. Dit was die Here self wat vir Jakob beetgepak het. Jakob sê self:

**Ek het God gesien van aangesig tot aangesig, en tog is my lewe gered.**  
(Genesis 32:30 AFR53)

Iemand sal kan vra, maar die Here is mos almagtig. Hy kon mos vir Jakob sommer aan die begin platgedruk het. Waarom laat Hy Jakob met Hom worstel tot dagbreek toe? Dit is waar, die Here is almagtig en kon Jakob sommer maklik oorweldig. Toe die Here Jakob se heup uit potjie los laat kom het, het Hy hom net aangeraak. Maar die Here wil vir Jakob die les leer wat Hy uiteindelik in sy naamsverandering aan Jakob en ons openbaar.

Die Here het die hele nag lank met Jakob geworstel. Alhoewel Jakob agtergekom het dat sy teenstander net so sterk en sterker as hy is, het hy nie eenkeer probeer om op te hou worstel nie. Deur hierdie langdurige worsteling het die Here vir Jakob self laat sien hoe sterk sy eiewillige en hardkoppige geaardheid is. Die mens kan nie self sy eiewilligheid oorwin nie. Net God kan dit doen. Aangesien Jakob nie opgegee het nie, het die Here sy heup aangeraak sodat hy kreupel was en nie op sy eie voete kon bly staan nie. Hy moes aan sy teenstander vasgryp – hy moes op Hom vertrou om regop te bly.

Om seker te maak dat Jakob die les geleer het, het die Here aan Jakob 'n vraag gevra wat aanvanklik irrelevant klink. Jakob hang hulpeloos aan die Here en vra dat Hy hom moet seën. Maar die Here vra aan Jakob wat sy naam is. Die Here vra die vraag nie omdat Hy nie weet wat Jakob se naam is nie. Hy vra die vraag sodat Jakob self kan bely hoe hy werklik is. Wanneer Jakob dan sy naam sê, bely hy dat iemand is wat self sy plannetjies maak om alles te kry soos wat hy dit wil hê. Hy wil nie met vertroue wag dat die Here self sy beloftes vervul nie.

Die gelowige wat daaraan dink dat hy met sy goeie werke homself voor die heilige God kan regverdig maak of dink dat sy goeie werke tog 'n ietsie by Christus se werk kan bydra, is ook iemand wat sy eie plannetjies maak. Hy wil nie die Here glo wanneer Hy sê dat Christus se werk alleen genoegsaam is nie. Wie met sy goeie werke dink hy kan iets vir sy verlossing doen, sê in werklikheid dat hy nie die Here vertrou om hom deur Christus alleen en deur geloof alleen kan red nie. So iets is nie net arrogant nie, maar 'n belediging vir die Here self.

Deur die worsteling heen het Jakob gedink dat die stryd min of meer gelyk is. Hy moet net sy kans afwag dan sal hy sy Opponent kan uitoorlê en wen. Maar toe die Here maar net aan sy heup geraak het, was hy geheel en al hulpeloos. In hierdie stadium het Jakob besef dat sy teenstander baie sterker as hy is. Uiteindelik besef Jakob dat hy nie so sterk is as wat hy gereken het nie en die Here is nie so traag en swak as wat hy gedink het nie.

In antwoord 62 bely die gelowige ook dat hy nie regtig so goed is as wat hy soms van hom-self dink nie. Selfs sy beste werk waarop hy so maklik trots is, is nie goed genoeg om enigsins sy geregtigheid voor God te wees nie, want daardie beste werke is onvolmaak en met sondes besmet. Daardie werke waarop hy so trots is, het eintlik maar net sy skuld voor die Here vermeerder in plaas daarvan om die skuld weg te neem. Voor die Here tel net

iets wat heeltemal volmaak is en wat in alle opsigte met sy wet ooreenstem. Net Christus is heeltemal volmaak, want Hy is sondeeloos en alles wat Hy gedoen het, het volledig met God se wet ooreengestem. Daarom kan Christus alleen die gelowige se geregtigheid voor God wees.

Jakob kon sekerlik by homself gedink het dat alles nou vir hom verby is. Sy broer is met vierhonderd man op pad en hy is kreupel. Hoe sal hy ooit sy vrouens en kinders en alles wat aan hom behoort kan beskerm? Die antwoord het Jakob in sy nuwe naam gehoor. Hy sal nie meer self met sy plannetjies te werk gaan nie. Sy naam sal nou Israel wees. Die naam Israel beteken – *God oorwin* of *God voer die stryd*. Met hierdie nuwe naam sê die Here ferm en duidelik aan Jakob dat hy nou ten volle sy vertrouwe net op die Here moet stel. Die Here wil hom beskerm en bewaar. Die Here wil hê dat Jakob op die Here alleen sal vertrou. Die Here wil self elke liewe belofte wat Hy aan Jakob gemaak het vervul. Daarom mag Jakob nie meer inmeng soos wat hy vroeër gedoen het nie.

Geliefdes, watter groot genade betoon die Here aan ons wanneer Hy sy Woord aan ons skenk? Watter groot genade skenk Hy aan die gelowige wanneer die Heilige Gees in die gelowige indring? Met hierdie Skrifgedeelte leer Hy die gelowiges om ten volle hulle vertrouwe in Jesus Christus alleen te stel vir hulle verlossing. Gelowiges moenie met hulle sogenaamde goeie werke kom inmeng waar die Here alleen werksaam kan en wil wees nie. Gelowiges se goeie werke dra niks by nie, maar is 'n belediging teen die Here as die gelowige daarmee sy verlossing by die Here wil verseker. Steun net op Christus en glo Hom volkome.

En net voordat 'n mens dink dat die gelowige se goeie werke geen plek het in sy verhouding met die Here nie, word ons verseker dat goeie werke wel 'n plek het. Goeie werke hoort by die dankbaarheid van die gelowige en nie by sy verlossing nie. By die verlossing werk die Here alleen, want net die Here Christus kan dit volmaak doen.

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 143:8, 9 (p. 689)

- 1 Verlos my, HEER, van hinderlae; / en wil my leer u welbehae.  
Ek skuil by U, vat U my hand, / en laat u Gees in al my dae  
my voortlei in 'n veil'ge land.
- 9 Laat hier u guns my nooit begewe; / skenk om U selfs wil my die lewe!  
En laat my siel weer wees verblyd, / van sy benoudheid wees onthewe.  
Ek pleit op u geregtigheid.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
12 November 2017